Goeie more – of dalk aangename kennis

Die Doop word vanoggend bedien aan Ellené Coetzer, baba van Neil en Vanessa Coetzer van Randburg. Baie welkom aan familie en vriende van Neil en Vanessa hier in die midde van ons gemeente.

Vooraf sang
Sb 2 - 6: 1,7
Ps 107 - 1: 10,20,21

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Nuwe Ps 110: 1,2 ;

Votum: Mag wat ons sê en dink vir U aanneemlik wees o Here, Ons Rots en Ons Verlosser (Ps 19)

Seën: Genade en vrede vir julle deur julle kennis van God en van Jesus, Ons Here. Amen (2 Petrus 1: 2)

Loflied Ps 8 - 3: 1,2,4
Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Matteus 22: 34 – 40
Gebed van skuldbelydenis
Sing Lied 203: 1,2

Sakramentbediening
Doopformulier
Sing na die bediening van die doop Lied 292:1,2 (Voorskoolse kinders gaan na hulle bediening).

Woorddiens
Skriflesing: 1 Petrus 1: 1 - 16
Teksverse: 1 Petrus 1: 13
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Ps 119 - 2: 14,18
Seën
Sing Sb 13 -2.

Geliefde brs en srs en kinders

Wat onderskei die mens van die res van God se skepping? (vraag) Wat maak ons anders as plante en diere?..... Ja, die vermoë om te kan dink! Dat die brein nie net die liggaam se funksies in stand hou nie, maar dat dit ook die sentrum is van ons denke, ons wil, ons emosies en ons dade! Dit is juis wat ons in psalm 8 gesing het: dat ons die kroon van God se skepping is en dat God alles aan ons as mens onderwerp het deurdat ons kan dink en daarom kan heers.

Maar meer nog: ons lees in **Genesis dat God die mens juis gemaak het om soos Hy te wees deurdat ons met ons brein, ons denke, ons wil en dade God hierop aarde kan verteenwoordig**. Ons is na God se beeld geskape! Dit beteken nie dat ons fisies soos God lyk nie: maar dat ons Goddelike eienskappe besit – soos bv. om te kan dink – en dat ons God se verteenwoordigers hier op aarde moet wees! Met my verstand, my denke – kan ek in ŉ verhouding met God tree, kan ek liefhê en kan ek – ja, moet ek – Hom dien!

Omdat ons ŉ verstand het, het God Homself ook aan ons op ŉ besondere manier geopenbaar! Ons kan God in die natuur raaksien maar God het Hom ook in besonder aan ons openbaar deur sy Woord – die Bybel! Want ons kan met ons Godgegewe gawe van verstand leer om te lees, te oordink, te verstaan en op grond daarvan God te dien en te lewe tot sy eer!

Dit is hoekom die Here vanmore vir ons sê: **Hou jou brein fiks en nugter sodat jou denke jou op God kan laat fokus. Dit is die tema vanoggend: Hou jou brein fiks en nugter sodat jou denke jou op God kan laat fokus.**

Brs en srs, Petrus begin sy brief deur te wys op die wonderlike genade van God dat ons in Christus uitverkies is en dat ons ŉ lewende hoop het op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel vir ons bewaar word. Ons is op pad na die ewige bestemming by God en ons moet weet dat ons op hierdie pad beproef gaan word sodat ons geloof getoets kan word.

Na hierdie inleidende **genadeverkondiging begin** hy nou om sy lesers op te roep tot ŉ heilige lewe en die **eerste ding** wat hy vir hulle sê is: "**wees daarom verstandelik wakker en nugter".** Letterlik staan hier in Grieks: **"omgord die lendene van julle verstand en wees nugter".** Heel eerste, voor al die ander opdragte fokus Petrus die gelowige se brein – jou denke, jou verstand!

Omgord die lendene van julle verstand! Wat sou dit beteken? Hierdie metafoor, geliefdes, kom uit die manier waarop die Jode destyds aangetrek het. Ek het twee skyfies gebring sodat ons kinders ook die beeld kan verstaan!
(eerste skyfie) Die Joodse mans en vroue het nie soos ons vandag lang- of kort broeke gedra nie, nee hulle het lang rokke gedra. En om die middel – om die heupe – is ŉ gordel of band gedra waarmee die rok vasgetrek is om die lyf. Maar met so ŉ lang rok

kon hulle nie harde fisiese aktiwiteit doen nie! Dit was goed om mee te loop en vir die alledaagse gebruik.

(**Tweede skyfie)** Om fisies hard te kan werk of om te hardloop, moes hulle die rok optrek en onder die gordel of band indruk sodat hulle bene kan oop kom om te beweeg! Om aktief te wees!
En hierdie aksie om die rok op te trek en onder die belt in te steek is genoem: omgord jou lendene! Lendene – kinders beteken : jou heupe! In maklike Afrikaans kan ons sê: "omgord jou lende beteken": trek jou rok op en steek dit om jou heupe onder die belt in! **Hoekom? Sodat jy tot aksie kan oorgaan! Sodat jy gereed kan wees om harde werk te doen! Om te kan hardloop en jou in te span**!

Wanneer Petrus sê : omgord die lendene van jou verstand dan beteken dit: kry jou brein aktief! Kry jou brein gereed om hard te werk! 'n Afrikaanse idioom sou wees: rol die moue van jou verstand op! Gebruik jou brein in aktiewe harde werk!

Brs en srs en kinders, hoekom ag die Here dit nodig om vanmore vir ons hierdie boodskap te gee? Want ons denke en gedagtes kan ons van God af weglei! Ons kan lui word om te dink en om ons verstand te gebruik om op God te fokus! Die woord wat Petrus hier vir "verstand" gebruik beteken "om iets deeglik te deur dink, te oordink, te bepeins. " Dit is nie 'n aktiwiteit wat sonder moeite en inspanning gepaard gaan nie – jy moet jou brein inspan, hard laat werk!

Ons denke kan ook beneweld word of om dit vir die kinders duidelik te stel: ons denke kan dronk word! Wat gebeur as 'n mens dronk word van drank? Jy kan nie meer helder en duidelik dink nie, jou brein kan nie fokus nie, daarom begin 'n dronk mens stadig praat, stadig beweeg en naderhand slinger en val hy/sy. Dis hoekom Petrus sê: hou jou brein nugter – ja, ook van drank, **maar hy bedoel hier – oefen jou brein, hou dit skerp en wakker sodat jy op God kan fokus!**

Sonde bedwelm ons denke! Sondige denke maak dat ons nie meer op God kan fokus nie! **Onthou julle nog van watter boom het Adam en Eva in die paradys geëet waarvan hulle nie mag geëet het nie**! Wie kan onthou? **Ja, die boom van kennis! Wat se kennis? Kennis van goed en kwaad!** Voor Adam en Eva gesondig het, het hulle net die goeie geken. Hulle denke wat volkome op God gerig om Hom daarmee te dien! En God wou nie dat hulle kennis van die kwaad kry nie! Maar deur ongehoorsaam aan Hom te wees, het hulle kennis van die kwaad gekry! Nou is die mens se verstand beneweld en nie meer nugter nie!

Sonde is soos drank – dit maak ons denke swak en verkeerd gerig. Dit maak dat ons met ons denke net op onsself en ons eie behoeftes fokus! My brein en my denke moet net vir my werk! Wat vir my die beste is, wat ek wil hê, wat vir my gemaklik is en wat tot my voordeel is – dit is waarop ons denke nou gerig is!

Kom ek noem net een van baie voorbeelde in die Bybel: Efesiërs 4: (skuifie). Paulus sê vir die lidmate van Efese:
[17]In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, [18]hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. [19]Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.

Br, sr, liewe kinders: ek moet dus vir myself vra: hoe gebruik ek my denke in diens van God? Is dit op God gerig? Is dit nugter en helder? Wat is daar wat my denke bedwelm? Is dit dalk my eie ek en my eie begeertes? Dink ek net aan myself?

Is ek verstandelik wakker en nugter as die kom in my verhouding met God? Is die lendene van my verstand omgord? Hoeveel tyd spandeer ek intensioneel om met God verstandelik besig te wees? Hoe lees ek die Bybel? Lees ek nadenkend! Soek ek om te verstaan, dink ek na oor wat ek lees en hoe dit my God beter kan leer ken en dien? Vra ek myself hoe pas ek in my lewe toe wat God my in sy Woord leer?

Is my verstand fiks? Aanvaar ek alles wat die wêreld of mense of boeke of TV programme oor God, geloof en Christenskap sê of toets ek dit aan die waarheid van die Woord? Toets ek ook die wetenskap wat ek beoefen aan die waarheid van die Woord? Of glo ek ook soos baie mense dat die wetenskap beter weet as God en die Bybel?

Ouers – in die lig van die doop, Neil, Vanessa – hou jy wag oor jou kinders se denke? Sorg jy dat hulle denke nie benewel word, dronk word van die bose dinge van die wêreld nie? Waarmee voed jy jou kinders se denke sodat jy hulle kan help om hulle denke op God te rig? Wat laat jy jou kinders kyk en lees? Waarna laat julle luister? Wat vul hulle denke wat eindelik ook hulle gedagtes gaan rig en hulle dade gaan beïnvloed?

Geliefdes, die wonderlike genade is dat ons denke op God gerig en gefokus is. Dat ons denke ons na God lei en ons lewe rig sodat ons Hom beter kan dien. **Dit is juis wat Christus kom doen het! Hy het met sy versoeningswerk ook ons denke kom reinig! Hy het ons verstand kom skoonwas van die sonde sodat dit helder skerp en fiks kan wees! Hy het juis ook die Heilige Gees gegee wie se werk dit is om ons verstand te vernuwe, dit fiks en nugter te maak sodat ons ons denke in diens van God kan stel.**

Luister weer na Efesiërs 4: (wys skyfie)
*[20]Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. [21]Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. [22]Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. [23]**Julle gees en gedagtes moet nuut word;** [24]lewe as nuwe mense wat as **die beeld van God geskep** is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."*

Ons ken Jesus Christus as ons Verlosser wat ons denke skoon gewas het, wat dit elke keer vir ons moontlik maak om wanneer ons met ons denke sondig, dit weer te kan bely en skoon te was met sy vergifnis.
Ons het die **Heilige Gees ontvang wat ons denke vernuwe sodat ek nou op God wil fokus en my denke in sy diens wil stel.** Om hierdie rede het Jesus die wet ook saamgevat met **die opdrag** "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele **verstand...". Denke volkome aan God gewy en in sy diens! So dien ons nou die Here!**

Dit is nou met ons soos Petrus in verse 10 – 12 skryf van die gelowiges in die Ou Testament: ons kan nou – soos hulle –"deeglik en noukeuring ondersoek instel" . Ons kan " noukeurig navors" oor tyd, omstandighede en betekenis van alles in God se Woord!
Nou kan ek belangrike vrae vra! Vrae soos: Wie is God? Wie is ek? Waarom is ek op aarde? Wat is my doel en wat is die doel van die kerk?

Brs en srs en kinders: die wonderlikste is: ons weet nou meer as die engele! Daar staan in vers 12: wat ons van God ontvang het, is "dinge wat die engele begerig is om insig in te verkry". Die woord wat hier gebruik word beteken: die engele buk vooroor en kyk intens om te verstaan.

Meer as die engele moet ek en jy begerig wees om met ons verstand, ons denke, wat alles in ons lewe beheers – op God gefokus te wees. Ons moet oor God se openbaring in die natuur en in die Skrif buk en diep inkyk om te verstaan! Ons moet ons verstand deeglik inspan en hard laat werk om die Here te dien! Ons moet nugter hou van alles wat ons denke besmet en van God af weg trek!

Brs en srs, ons gaan hierdie kwartaal in besonder geleentheid daartoe kry! In ons **fokustydper**k gaan ons vir vyf weke as gemeente en lidmate indiwidueel 'n **bietjie harder as gewoonlik aan ons verhouding met God en mekaar werk! Ons gaan die lendene van ons verstand omgord en meer as gewoonlik op God fokus.** Met riglyne vir huisgodsdiens, persoonlike tyd met die Here en riglyne vir gelowiges om in groepe saam te kom en saam te dink, te bepeins en te bespreek wat die wil van die Here vir ons gemeente is!

Kom ons beskou dit as 'n "oefenkamp" vir ons verstand om dit fiks en nugter te kry sodat ons op God kan fokus! Maar dit mag nie daar ophou nie – die Here roep jou vanmore en sê: Hou jou brein fiks en nugter sodat jou denke jou op God kan laat fokus.
HOE GAAN JY OP HIERDIE WOORDE VAN GOD REAGEER?

Amen